
# Geïntegreerde gewasbestuur – Mielies

## Lewensiklus van 'n Snywurm



VOLWASSENE

- Volwasse motte is nagdiere en kom snags te voorskyn om te paar en eiers te lê.
- Volwasse motte is redelik groot met 'n vlerkspan van 38-42 mm.
- Voorvlerke van manlike motte is dikwels bleek, terwyl wyfies s'n grysbruin is.
- Groot boontjiemerke op die vlerke van motte.




EIERS

- Wyfiemotte kan nagenoeg 1 000 eiers lê.
- Dit word op die grondoppervlak/tussen die boonste gronddeeltjies gelê, maar as die grond nat is, kan eiers op plantstingels gelê word.
- Eiers word gedurende die herfs of winter gelê en kan vogtige en koue toestande weerstaan.
- Eiers is wit-geel en word donkerder soos hulle ontwikkel.
- Tydsduur: Eiers broei uit in 4-7 dae in die somer of 10-14 dae in die winter.

**Larwestadium: 42-120 dae**

Temperatuur het 'n groot impak op die larweperiode. Gedurende die somer kan dit so kort as 42-56 dae wees en gedurende die winter kan dit so lank as 100-120 dae wees.

- Larwes is donkergrys tot bruin.
- Nuut uitgebroeide larwes is 3 mm lank en kan tot 39 mm groei.




LARWE



BESKADIGDE PLANT

**Larwestadium 42-120 dae**

Klein larwes (L1-L3) bly hoofsaaklik bo die grond. Rosetvormende onkruide bied skuiling en dien as 'n voedselbron vir klein larwes, terwyl groot larwes (L4-L6) skuiling in die grond soek en slegs te voorskyn kom wanneer hulle kos soek.



PAPIE

**Papiefase: 14 – 17 dae**

- Papies is donkerbruin, amper swart van kleur.
- Ongeveer 15-19 mm lank.
- Larwes vorm grondselle (*earthen cells*) en word 'n papie binne hierdie selle onder die grondoppervlak.

**Lewensiklus van 'n snywurm (*Agrotis spp.*)**
Periode van eier tot mot:
Somer: 60 dae
Winter: 120 dae
Generasies: 3-4 per jaar

### *Snywurms*

*(Agrotis spp.)*

Snywurmlarwes word gekenmerk deur hul vuilgrys en bruin voorkoms en is veral snags aktief wanneer hulle saailinge by die grondlyn afsny. Oorwinterende onkruid is die dryfveer agter hoë snywurmbesmettings omdat dit as 'n voedselbron dien en skuiling aan larwes bied. Die beheer van oorwinterende onkruid sal die vlak van besmetting vroeg in die plantseisoen aansienlik verminder.

decis FORTE

**Die volgende produk is 'n handelsmerk van Bayer AG:**
**Decis® Forte** Reg. Nr. L6563. Bevat Deltamethrin (pyrethroid) 100 g/ℓ. Gevaar.
**Alle produkte is geregistreer onder Wet 36 van 1947. LEES DIE PRODUKETIKET VOOR GEBRUIK.**

**Facebook:** Bayer Crop Science Division Southern Africa /// Tel: +27 11 921 5002 /// www.cropscience.bayer.co.za /// www.bayer.co.za
**Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07.** Collaboration Hub, Eerste Vloer, Waterfall-sirkel, Country Estate Rylaan 9, Waterfall City, Midrand, 2090.